## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

| | |
|---|---|
| **Sondag:** | Izelle Bester, Jos Maree, Corinda Strick. |
| **Maandag**: | Mariette Barnard, Kassie Booysen, Amanda Havenga, Andries Havenga (sr.), Poppie Lourens, Paula Morgan, Sonja Morkel, JC Schneider, Helena van Zyl, Marisa Veldsman. |
| **Dinsdag:** | Rita de Jager, Carmia Deetlefs, Tristan Laurie. |
| **Woensdag:** | Gielie Engelbrecht, Izak Smit. |
| **Donderdag:** | Sandari Botes, Gerda de la Guerre, Christine Loftus. |
| **Vrydag:** | Lizette Terblanche. |



In die voorporta al is 'n pragtige deken wat a an die Gemeente geskenk is. Koop gerus 'n lootjie na die ere diens of by die kerkkantoor ge durende die week vir slegs R20 om hierdie pragtige handewerk te wen.

**Ondersteun asseblief Huis Marie Louw, Tehuis vir bejaardes.**
Verlede Sondag het ons heerlik gesmul aan die hoenderpasteie wat Huis Marie Louw se kokke vir ons voorberei het. Indien jy hulle graag wil ondersteun, kontak gerus vir Linda om van die produkte te bestel by 082 256 9615:
Hoenderpastei R215 * Lasagne R250 * Bobotie R250
(Genoeg vir 10 persone)
*Huis Marie Louw is 'n Tehuis vir bejaardes in Somerset Wes, onder die vlerk van die ACVV. Ons ondersteuning is vir hulle van onskatbare waarde.*

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **Bankoffer** vir dankoffer tydens erediens **Dankoffer** vir maandelikse dankoffer.

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# FAMILIENUUS

**SONDAG 29 JUNIE 2025**

### WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

### VANDAG IS DIE TWEEDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

| | |
|---|---|
| 09:00: | SAMANTHA CHAMBERLAIN |
| SKRIFLESING: | Lukas 9:51–62 |
| TEMA: | DIE PAD AGTER JESUS AAN |

**Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.**

***Ds Hennie is met verlof tot en met 7 Julie.***

## Vandag se Deuroffer — Jeugwerk

Die Jeug- en Familiebediening van die Wes-Kaapland fokus op die ondersteuning, toerusting en navorsing van Jeugwerk wat deur gemeentes gedoen word, en sluit onder andere die volgende in:

- Kategese ondersteuning
- Familiebediening hulpmiddels
- #imagine feesnaweek
- Navorsing oor Jong Volwasse bediening
- Kinderbediening ondersteuning

Ons bedank julle by voorbaat vir jul ondersteuning met deuroffers vir hierdie bediening.

**Volgende week se deuroffer: Studentebearbeiding**


**Leraars:** Samantha Chamberlain 082 379 4567 sam@nghottentotsholland.co.za
Hennie Fouché 082 859 5646 hennie@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** yolandi@nghottentotsholland.co.za
**Selfoon:** 063 751 8171 (slegs vir Whatsapp-boodskappe)
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
**Potgooi:** https://bit.ly/3SXY7FI

## Placed with Purpose Conference 2025

***"Marketplace Believers - Strategic for the Gospel"***
*What if your job is your place of ministry? Your workplace is your mission field. God wants to use your skills, your profession and your place of work to make Himself known to those who have never heard.*

Vanjaar se **"Placed with Purpose"-konferensie op Saterdag, 19 Julie** het ten doel om jou te inspireer en toe te rus om doelgerig as dissipel te leef waar God jou in jou werk geplaas het.
Die konferensie wil deelnemers help om onder andere 'n dieper Bybelse begrip van van werk/beroep en die rol daarvan in God se Koninkryk te verkry en saam met ander gelowiges te netwerk om as getuie in die werkplek te lewe. Daar is ook geleentheid vir deelname aan gebedsessies wat spesifieke sektore soos onderwys, gesondheidsorg, besigheid, kunste ens. dek.

Datum: Saterdag 19 Julie 2025, 10:00 tot 16:00
Waar: Calvyns Protestantse Kerk, Athlone
Prys: R300 per persoon.
**As jy registreer voor 30 Junie, is die koste R250**
Registreer by: https://forms.gle/42gf4VRczvAavUCB6
Laat weet asseblief ook die kerkkantoor as jy oorweeg om die konferensie by te woon

## WYNPROE-geselligheid


Baie dankie aan Kathy Ehlers vir al die reëlings van hierdie gesellige kuier-geleentheid en fondsinsameling. Dankie aan elkeen wat gehelp het met al die voorbereiding. Dit was 'n heerlike aand!

Baie geluk ook aan die drie pryswenners van die gelukkige trekking!

## Ons Dankoffers

**Jy het die geleentheid om jou dankoffer op een van die volgende maniere te gee:**

- **Debietorder** - Kontak die kerkkantoor vir besonderhede
- **Elektroniese Oorplasing** met verwysing: D/O
- **Kontant in 'n koevert**, gemerk met woord "Dankoffer", of gebruik een van die koeverte in die voorportaal.




*"God sal vir julle genoeg gee van alles sodat julle altyd graag vir ander mense sal wil gee. "*
*- 2 Korintiërs 9:11*

***Huis Jakaranda** in Wellington is baie dankbaar vir almal se bydraes vir die kinders se beddegoed en ook die Winterskoenbokse. **Dankie vir elkeen wat hierdie projek ondersteun het!***